Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 26 bladsye.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieër historiese begrippe/ terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne.	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Raak betrokke om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings.	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Wanneer oop brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerder krediet kry vir enige relevante antwoorde.
- Daar word van leerders verwag om 'n standpunt in te neem wanneer hulle 'tot watter mate' – vrae beantwoord sodat punte toegeken kan word.

1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2x2) wat neerkom op twee redes en twee punte elk wat toegeken word (✓✓✓✓); (1x2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Paragraafvraag

Paragrawe behoort global (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseeer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne – in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Aan die einde van die paragraaf, dui die regmerkies (√) aan wat die kandidaat vir die paragraaf toegeken is; sowel as die vlak (1,2 of 3) soos aangedui in die holitiese rubriek en 'n kort opmerking bv.

_____ + _____ + _____

_____ + _____ + _____

√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymerkaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat die opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van die opstelvrae

- Merkers moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die betrokke sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by die riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- Wanneer oop brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerder kredit kry vir *enige ander relevante antwoorde*.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.3 Globale assessering van ’n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk as geheel beoordeel, sonder om die komponente afsonderlik te beoordeel. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n indiviuele mening te bied deur geselekteerde feitlike bewyse te gebruik om die argument te ondersteun. Die leerder sal nie bloot vereis word om bloot ‘feite’ op te noem om ’n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om ‘model’ – antwoorde voor te berei en dit te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan leerders se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudsbaseerde nasien, penaliseer nie taalonvoldoendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van die argument
- Die toepaslike keuse van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedure van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir elke relevante inleiding (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyne/ memorandum), elk van die hoofpunte/aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/ memorandum) en ’n relevante slot (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL** – struktuur in gedagte by die assessering van ’n opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ’n argument/’n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ’n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak, is ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf word.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerkings nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van die opstelle.

By die nasien van die opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien is. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snyunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR

Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

MARKING MATRIX FOR ESSAY: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7 Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklie argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdeddig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n ofhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te argumenteer.	VLAK 5 Goed beplande en gestrukstrueerde opstel. Poog om duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun	VLAK 4 Argument beplan en gestruktrueer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse	VLAK 3 Toon soms bewyse van 'n gestrukstrueerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktrueer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktrueer nie.
VLAK *7* Vraag ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevante tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK *6* Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK *5* Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK *4* Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige wegatings of irrelvante keuse van keuse			30–33	28–29	26–27		
VLAK *3* Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK *2* Vraah onteireknd beantwoord. Inhoud skraal					20–23	18–19	14–17
VLAK *1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud						14–17	0–13

*Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud, geen poging om die opstel te struktrueer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktueer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord, min poging om die opstel te struktrueer = 7–13

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WAAROM HET DIE KOUE OORLOG–SPANNING OOR BERLYN TUSSEN 1958 EN 1961 TOT DIE BOU VAN BERLYNSE MUUR GELEI?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Dat dit tyd was vir die Verenigde State om uit te stad te onttrek.

(1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Finale eis of bepaling van terme, waarvan die verwerping tot vergelding of 'n verbrokkeling van verhoudings sal lei.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Konferensie van ministers van Buitelandse Sake by Geneva (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Eisenhower het geglo dat Amerikaanse troepe Wes–Berlyn teen Sowjet–oorname beskerm het.
- 'n Voorgesette Amerikaanse teenwoordigheid het Amerika se toewyding aan demokrasie en vryheid gesimboliseer
- VS magte het as 'n afskrikmiddel teen Sowjet-aggressie in Europa opgetree.
- Onttrekking van Amerikaanse troepe kon Westerse invloed en moraal in Wes–Berlyn verswak.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit het wantroue tussen die VSA en die USSR verhoog, aangesien die Sowjette die VSA van spioenasie beskuldig het.
- Beplande onderhandelinge tussen die twee supermoondhede het na die voorval in duie gestort
- Koue Oorlog–spanning het toegeneem, wat die kanse op samewerking of kompromie verminder het
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Die heersende kringe van Wes-Duitsland doen alles om militêre passies teen die Duiste Demokratiese Republiek en al die sosialistiese lande aan te wakker.
- Toesprake deur Kanselier Adenauer en Minister van Verdediging Strauss.
- Die atoombewapening van die Bundes Wehr
- Verskeie militêre oefeninge. (Enige 3 x 1) (3)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B-V1]*
- Die pad wat Wes-Duitsland vandag volg, is 'n pad wat gevaarlik vir vrede in Europa is (1 x 2) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2*]
- As Wes-Duitsland die Oosblok sou aanval, sou dit verslaan word.
- Die sosialitiese lande was militêr sterker as Wes-Duitsland.
- Enige oorlog sou tot kernvernietiging lei.
- 'n Oorlog sou selfvernietiging eerder as oorwinning bring
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2*]
- Moderne wapens (veral kernwapens) sou vinnige vernietiging veroorsaak
- Wes-Duitsland was geografies blootgestel aangesien dit omring was deur die Warschau-pakt / sosialitiese state
- Wes-Duitsland was aan die frontlinie van die Koue Oorlog geleë
- Duitsland sou 'n hoofslagveld in supermoondheidskonflik word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

1.2.5 [*Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 1B – V3*]
- Die bron is eensydig, want dit gee slegs Nikita Khrushcher's se standpunt.
- Khrushcher blameer die Weste vir die toenemende spanning in Berlyn/ het die bedreiging oordryf.
- Die bron is bevooroordeeld teen Wes-Duitsland (die Weste)
- Die bron kan as propaganda beskou word, aangesien dit bedoel was om Sowjetbeleid te regverdig eerder as om 'n gebalanseerde weergawe te verskaf
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- 'n Verdeelde stad en sleutelpunt van spanning tussen Oos en Wes.
- 'n Simbool van ideologiese konflik tussen kommunisme en kapitalisme.
- 'n Stad op die rand van kernoorlog
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Beide kante het geglo dat die ander kant kernoorlog sal vermy.
- Beide kante was vol vertroue dat kernwapens as afskrikmiddel sou dien om die ander te verhoed om aan te val.
- Beklemtoon die gevaarlike magsbalans en randmanskap. (brinkmanship)
- Toon wedersydse versekerde vernietiging (mutually assured destruction) (MAD)
- Die aanhaling toon 'n valse gevoel van sekuriteit en onderskat hoe maklik konflik kon eskaleer (toeneem)
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.4 1.4.1 [*Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2*]

- Verwys na die Berlynse Muur, omdat dit Oos-en Wes-Berlyn fisies verdeel het, wat die vrye beweging van mense verhoed het.
- Dit het die diep ideologiese konflik tussen kommunisme in die Ooste en demokrasie in die Weste gesimboliseer, wat dit 'n kragtige hindernis vir eenheid maak.
- Familie, vriende en gemeenskappe is uitmekaar geskeur, wat wys hoe die Muur nie net beton was nie, maar ook 'n hindernis vir menslike verbintenis.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron* 1D – V1]

- Dit was 'n uitgebreide stelsel van versterkings
- Dit het massiewe betonmure en wagtorings en
- 'n Wye uitgesterktheid bekend as die "doodstrook" ingesluit. (3 x 1) (3)

1.4.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2*]

- Die Muur het vrye beweging verhoed en Oos-Berlyners vasgekeer, wat onderdrukking toon.
- Dit het geliefdes en gemeenskappe uitmekaar geskeur en lyding en isolasie veroorsaak.
- Brandt het dit gesien as bewys van die Oos-Duitse/USSR-regime se gebrek aan vryheid en demokrasie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3*]

- Bron **1B** noem atoomwapens en miltêre oefeninge in Wes-Duitsland, terwyl Bron **1C** beide kante met missiele wys, wat toenemende spanning beklemtoon.
- Bron **1B** waarsku teen Westerse leiers wat konflik uitlok; Bron **1C** weerspieël dit met die Weste wat aanneem dat die Sowjette nie oorlog sal waag nie, wat gevaarlike vertroue toon.
- Bron **1B** beskuldig imperialiste daarvan dat hulle vrede bedreig; Bron **1C** toon beide kante wat teenoor mekaar staan, gereed vir konflik, maar onwillig om eerste toe te slaan.
- Bron **1B** sê modern oorlogsvoering sal Wes-Duitsland vernietig; Bron **1C** ondersteun dit visueel met kernmissiele wat op Berlyn gerig is.
- Bron **1B** noem die Duitse vraag 'n bron van spanning; Bron **1C** plaas Berlyn in die middel van 'n dooiepunt, wat sy rol in die Koue Oorlog-konflik simboliseer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3*]
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Berlyn het weereens 'n fokuspunt van die Koue Oorlog in 1958 geword (eie kennis)
- Khrushchev se 1958 ultimatum het die VSA se onttrekking uit Berlyn geëis (Bron 1A)
- Mislukte onderhandelinge by Genéve en Camp David (Bron 1A)
- Die U-2 spioenasievliegtuigvoorval (1960) het spanning vererger, gesprekke beëindig en geen hoop vir kompromie gelaat nie (Bron 1A)
- Khrushchev het Wes-Duitsland van militarisering beskuldig (atoomwapens, militêre oefening) (Bron 1B)
- Westerse aggressie is "gevaarlik vir vrede in Europa" (Bron 1B)
- Stel voor dat enige aanval op die Ooste "marsjering na die dood" sou beteken (Bron 1B)
- Daar was potensiële kernkonflik oor Berlyn (Bron 1C)
- Beide kante was bewapen met kernmissiele (Bron 1C)
- Die Berlynse Muur is in Augustus 1961 gebou as 'n reaksie op hierdie spanning (Bron 1D)
- Die DDR het die "Anti-Fascistiese Beskermingswal" genoem en beweer dat dit sosialisme teen Westerse aggressie verdedig het. (Bron 1D)
- Die Weste het dit gesien as die "Muur van Skaamte", bewys van onderdrukking en Koue Oorlog-verdeeldheid
- Khrushchev wou Oos-Duitsland beveilig en verdere verleentheid voorkom wat deur die uittog van burgers veroorsaak is, daarom het hy die Muur gesteun (eie Kennis)
- Die Muur het 'n fisiese voorstelling geword van die "Ystergordyn" wat die kapitalitiese Weste en die kommunistiese Ooste verdeel het (Eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van waarom Koue Oorlog-spanning oor Berlyn tussen 1958 en 1961 tot die bou van die Berlynse Muur gelei het nie?** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van waarom Koue Oorlog-spanning oor Berlyn tussen 1958 en 1961 tot die bou van die Berlynse Muur gelei het nie**? • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv **demonstreer 'n deeglike begrip van waarom Koue Oorlog–spanning oor Berlyn tussen 1958 en 1961 tot die bou van die Berlynse Muur gelei het nie**? • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon	**PUNTE 6–8**

[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 2: HOE HET DIE BETROKKENHEID VAN DIE KOUE OORLOG-SUPERMOONDHEID DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BEÏNVLOED?

2.1 2.1.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- 'om die Koue Oorlog uit Angola te hou' (1 x 2) (2)

2.1.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1*]
- 'Onder mekaar gesukkel om te bepaal watter beweging die leisels van die nuut-onafhanklike staat sou oorneem.' (1 x 2) (2)

2.1.3 [*Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1*]
- Die verslapping van gespanne verhoudings of spanning (soos tussen nasies)
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2*]
- Duisende Kubaanse troepe is vanaf 1975 na Angola vervoer, wat 'n groot buitelandse militêre ingryping in die burgeroorlog toon.
- Kubaanse magte het 'n beslissende rol gespeel in die ondersteuning van die MPLA en hulle gehelp om beheer oor sleutegebiede te bekom en te behou.
- Hierdie ingryping het die Angolese Burgeroorlog in 'n beduidende Koue Oorlog-volmagkonflik (proxy konflik) verander.
- Die Kubaanse weermag het die magsbalans teen UNITA en Suid-Afrikaans-gesteunde magte verskuif.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2*]
- Die konflik het ernorme hulpbronne verbruik en lyding vir gewone Angolese veroorsaak.
- Die burgeroorlog het jare lank sonder oplossing voortgeduur.
- Die oorlog was onnodig en vermybaar.
- Vrede na onafhanklikheid in 1975 was baie kortstondig.
- Angola het direk van bevryding na hernieude konflik beweeg sonder stabiele oorgang.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 [*Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2B – V2*]
- Die indirekte botsing tussen globale supermoondhede (VSA en die USSR) – wat opponeerde bevrydingsgroepe (UNITA vs MPLA) ondersteun het in plaas daarvan om mekaar direk te veg.
- Angola se burgeroorlog het deel geword van die Koue Oorlog, met buitelandse lande wat in 'n plaaslike konflik in 'n internasionale een omskep het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1*]
- Eskalasie (uitbreiding) van die burgeroorlog. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- Hy het geïmpliseer dat Angola se interne stryd omskep is in 'n verhoog vir globale wedywering, met die VSA en die Sowjetunie wat dit gebruik om hul eie ambisies te bevorder.
- Angola self was nie strategies belangrik vir enige van die super-moondhede nie, maar dit het die fokus van massiewe internasionale betrokkenheid geword as gevolg van die Koue Oorlog-mededinging.
- Die mense van Angola het die meeste gely, aangesien hul land vasgevang was in 'n stryd wat meer vir eksterne moondhede saak gemaak het as vir hulle.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- Kissinger het Angola as 'n Koue Oorlog-slagveld behandel en plaaslike politiek geïgnoreer
- Sy steun vir UNITA en FNLA is as eksterne inmenging beskou, wat baie Afrika-leiers vervreem het.
- Kissinger het tot wydverspreide onstabiliteit in Suider-Afrika bygedra.
- Kissinger se benadering het idees van die VSA as 'n superieure mag versterk en langtermyn diplomatiese betrekkings met Afrika-State ondermyn.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1*]
- Minister van Buitelandse Sake (1 x 1) (1)

2.3.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1*]
- Bekommerd dat die kommunistiese MPLA-magte aan bewind sou kom en die weg sou baan vir Sowjet-invloed. (1 x 2) (2)

2.3.3 [*Onttrekking van bewyse uit Bron* 2C – V1]
- Tot 1 miljoen mense gedood
- Verdere 4 miljoen mense is ontwortel (verskuif)
- Ongeveer 70 000 het ledemate verloor
- Byna twee-derdes van Angolese nie toegang gehad tot drinkwater nie.
- Die aantal babasterftes was ewe skokkend. (Enige 3 x 1) (3)

2.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2*]
- Kissinger het die kompleksiteit (ingewikkeldheid) van die Angolese politiek onderskat.
- Hy het aangeneem dat die konflik suiwer ideologies was eerder as gewortel in plaaslike magstryde.
- Hy het gefaal om Afrika-nasionalisme en streeksdinamika te erken.
- Sy fokus op die Koue Oorlog het tot swak besluite en langdurige konflik gelei.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.3.5 [*Bepaal die bruikbaarheid van Bron 2C – V3*]
Die bron is bruikbaar omdat:
- Dit toon hoe buitelandse ingryping die konflik na Portguese onttrekking geëskaleer (uitgebrei) het
- Die bron bewyse (sterftes, ontworteling, landmyne) voorsien om die impak op die samelewing te toon.
- Dit die langtermyn humanitêre gevolge van buitelandse betrokkenheid beklemtoon in Angola
- Dit die vernietiging van burgelike instellings soos skole en hospitale beskryf.
- Dit die impak op gewone burgerlikes, nie net politieke leiers, toon.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Kissinger was nie fisies teenwoordig in Angola nie, maar het gebeure daar beïnvloed
- Die VSA het 'n indirekte invloed op gebeure in die Angolese burgeroorlog gehad
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Buitelandse moondhede het in Angola ingemeng
- Supermoondhede het Angola as 'n plaasvervangende (proxy) slagveld gebruik
- VSA het gebeure beïnvloed sonder direkte teenwoordigheid
- Plaaslike konflikte is vererger deur Koue Oorlog-wedywering
- Afrika-selfbeskikking ondermyn
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.5 [*Vergelyking van ooreenkomste tussen Bronne Sources 2B en 2C – V3*]
- Bron **2B** verklaar dat die volmagkonfrontasie (proxy konfrontasie) tussen die VSA en die Sowjetunie tot 'n katastrofiese eskalasie gelei het (uitbreiding) van die Angolese Burgeroorlog gelei het, terwyl Bron **2C** verduidelik dat Kissinger die VSA tot direkte betrokkenheid gelei het om te verhoed dat die MPLA mag verkry, wat toon hoe Amerikaanse optrede die konflik versterk het.
- Bron **2B** voer aan dat Amerikaanse betrokkenheid die Angolese samelewing op die langtermyn benadeel het, terwyl Bron **2C** dit ondersteun deur bewyse te lewer van massiewe lewensverlies, ontworteling en vernietiging van infrastruktuur.
- Bron **2B** kritiseer Henry Kissinger se gebrek aan streeksbegrip, terwyl Bron **2C** hierdie siening ondersteun deur 'n historikus aan te haal wat sê dat Kissinger die situasie in Angola van die begin verkeerd gelees het.
- Bron **2B** dui daarop dat Angola 'n slagveld vir internasionale ambisie geword het, terwyl Bron **2C** dit ondersteun deur te wys dat Amerikaanse vrese vir kommunistiese uitbreiding eerder as kommer oor Angola self gedryf het.
- Bron **2B** verklaar dat die VSA se optrede sy verhouding met Afrika verswak het, terwyl Bron **2C** dit ondersteun deur die langertermyn humanitêre krisis en vernietiging van burgelike instellings wat deur die VSA-geleide ingryping veroorsaak is, te beskryf.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante Bronne* gelei het *V3*]
Kandidate kan van die volgende punte in hul antwoord insluit:

- Die VSA en die USSR het albei in Angola betrokke geraak as gevolg van supermoondheidwedywering (**Eie kennis**)
- Die Angolese Burgeroorlog het as ’n plaaslike stryd begin, maar het vinnig eksterne ondersteuners gelok **(Bron 2A)**
- Die Sowjetunie en Kuba het die MPLA ondersteun en duisende Kubaanse troepe gestuur wat die militêre uitkoms beïnvloed het **(Bron 2A)**
- Supermoondheidwedywering het Angola in ’n plaasvervangende (proxy) oorlog van die Koue Oorlog verander en die plaaslike belangrikheid daarvan oortref **(Bron 2A)**
- Die oorlog het die détente tusen die VSA en die USSR beskadig en die Koue Oorlog-spanning vererger **(Bron 2A)**
- Konfrontasie tussen die VSA en die USSR vir invloed in die land het tot ’n katastrofiese eskalasie (uitbreiding) van die burgeroorlog gelei (**Bron 2B)**
- Die Verenigde State het UNITA en FNLA ondersteun, wat die konflik vererger en vredespogings bemoeilik het **(Bron 2C)**
- Kissinger se waninterpretasie van Angola het die VSA se betrekking met Afrika ondermyn en sy reputasie beskadig **(Bron 2C)**
- Die konflik het massiewe humanitêre vernietiging veroorsaak – sterftes ontworteling, vernietiging van instellings **(Bron 2C)**
- Die spotprent **(Bron 2D)** wys Kissinger as “inmenger” in Angola, wat kritiek op VSA se inmenging weerspieël.
- Die oorlog het dekades geduur (1975–2002), wat toon hoe Koue Oorlog-betrokkenheid geweld en onstabilitiet in Angola verleng het. **(Eie kennis)**
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op ’n elementêre manier, bv. **toon min of geen begrip van hoe die betrokkenheid van supermoondhede tydens die Koue Oorlog die Angolese Burgeroorlog beïnvloed het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteur of kan nie oor die onderwerp rapporteer nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou tot ’n groot mate verband met die onderwerp, bv **toon ’n mate van begrip van hoe die betrokkenheid van supermoondhede tydens die Koue Oorlog die Angolese Burgeroorlog beïnvloed het.** • Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv **demonstreer insig in hoe die betrokkenheid van supermoondhede tydens die Koue Oorlog die Angolese Burgeroorlog beïnvloed het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon.	**PUNTE 6–8**

[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 3: HOE HET VRYHEIDSOMER RASSEDISKRIMINASIE EN KIESER-ONDERDRUKKING IN DIE SUIDELIKE VERENIGDE STATE IN 1964 UITGEDAAG?

3.1 3.1.1 [*Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1*]
- 'n Burgerregteveldtog in Mississippi wat daarop gemik is om Afro-Amerikaners te registreer om te stem en rassediskriminasie uit te daag.
- Verwys na 'n kieserregistrasie- en opvoedingsprogram wat deur burgerregtegroepe georganiseer is om swart politieke deelname in die suide van die Verenigde State te verhoog.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Het sy polisiemag versterk met haelgewere, traangas en 'n ses–ton–tenk. (1 x 2) (2)

3.1.3 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]
- Swart kerke sou aan die brand gesteek word
- Huise en Vryheidshuise sou gebombardeer word
- Geweld van alle soorte
- insluitend moord. (4 x 1) (4)

3.1.4 [*Interpretation of evidence from Source 3A – V2*]
- Vryheidsomer het gehelp om rasse-onreg in Mississippi bloot te lê en het nasionale aandag gevestig op die burgerregtestryd
- Dit het tot positiewe verandering gelei deur steun vir burgerregtewette te verhoog.
- Die veldtog het onderwys en samewerking deur Vryheidskole en gemeenskapsprogramme bevorder
- Dit het getoon dat swart en wit Amerikaners vreedsaam kon saamwerk om segregasie en diskriminasie uit te daag.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2*]
- Swart gasgesinne en studentvrywilligers het mekaar met wedersydse respek behandel ten spyte van die gevare wat hulle in die gesig gestaar het
- Die samewerking tussen swart en wit Amerikaners het rassistiese idees van skeiding en meerderwaardigheid uitgedaag
- Hul gedrag het getoon dat gelykheid en naasbestaan moontlik was in 'n gesegregeerde samelewing
- Hulle het 'n morele voorbeeld van billikheid, waardigheid en menslikheid gestel gedurende 'n tyd van wydverspreide haat en geweld.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Wit noordelike kollegestudente uit middel- en hoërklas-agtergronde (1 x 2) (2)

3.2.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Kierserregistrasie (1 x 2) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]
- Hulle het die ongelykhede van die gesegregeerde onderwysstelsel in Mississippi aangespreek.
- Hulle het swart jeug in geletterheid en burgerlike wetenskap opgevoed, wat noodsaaklik was vir kierserregistrasie.
- Hulle het swart geskiedenis en burgerregte- idees onderrig, wat trots en politieke bewustheid opgebou het.
- Hulle het gehelp om 'n ingeligte en selfversekerde swart gemeenskap te skep wat diskriminasie kon uitdaag.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2*]
- Swart studente is voorberei om hul eie gemeenskappe te lei.
- Die beweging het gemik op langtermynverandering, nie korttermyn-protes nie.
- Aktivisme sou voortduur selfs sonder eksterne (wit noordelike) vrywilligers
- Opgeleide plaaslike leiers kon weerstand teen kierseronderdrukking en rassisme handhaaf
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'het katoenvelde en swart woonbuurte besoek'
- 'mense aangespoor en geleer hoe om te registreer om te stem'

(2 x 1) (2)

3.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2*]
- Hy het eksterne betrokkenheid in Mississippi teengestaan
- Hy wou segregasie en wit politieke beheer handhaaf
- Hy het burgerregte-aktivisme as 'n bedreiging vir die bestaande sosiale orde beskou
- Hy het geglo dat "eenheid" beteken het om swart Mississippiane van gelyke regte uit te sluit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 [*Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3C – V2*]
- Verwys na die gebruik van dreigemente en geweld om Afro-Amerikaners bang te maak en hulle te keer om te registreer om te stem.
- Aksies soos arrestasies, aanrandings of dreigemente wat deur wit owerhede en groepe gebruik word om burgerregte-aktiviste en swart kiesers te ontmoedig om aan die veldtog deel te neem.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.4 [*Bepaling van Bruikbaarheid van Bron 3C – V3*]
Die Bron is bruikbaar omdat:
- Dit 'n uittreksel uit 'n boek geskryf deur Eerw. Ed King, 'n prominente burgerregte aktivis, is.
- Eerw. Ed King direk betrokke by die Vryheidsomer-projek was
- Die bron deur Bron 3A gestaaf kan word wat die gewelddadige reaksie op die Vryheidsomer betref

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Die bron verskillende perpektiewe op die Vryheidsomer-projek bevat
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van ooreenkomste tussen Bronne 3B en 3C – V3]*

- Bron **3B** meld dat slegs 1 600 van die 17 000 kieserregistrasie-aansoeke aanvaar is weens diskriminerende praktyke deur plaaslike registrateurs, Bron **3C** toon dat vrywilligers voortdurende intimidasie, valse bewerings van ongeletterdheid en geweldadige aanvalle in die gesig staar.
- **Beide** bronne beskryf die stuikelblokke vir die registrasie van swart kiesers in Mississippi.
- Bron **3B** meld dat vrywilligers voor ontplooiing opgelei is om hulle voor te berei vir die probleem van die registrasie, terwyl Bron **3C** toon dat, ten spyte van aanrandings, dreigemente en moorde, aktiviste voortgegaan het met stemwerwing en kieserregistrasie.
- **Beide** bronne beklemtoom die deursettingsvermoë wat onder vyandige toestande vereis word.
- Bron **3B** meld dat kierserregistrasie die hoeksteen van die Somerprojek was en aansienlike verwerping in die gesig gestaar het, terwyl Bron **3C** toon dat vrywilligers huis-tot-huis registrasie aangemoedig het, selfs onder gevaarlike toestande.
- **Beide** bronne beklemtoon die risiko's en uitdagings van kieseronderdrukking.
- Bron **3B** meld dat King en die Southern Christian Leadership Conference swart inwoners van Mississippi ondersteun en aangemoedig het om te stem ten spyte van geweld, terwyl Bron **3C** toon dat dokters, prokureurs, geestelikes en vrywilligers by die poging aangesluit het te midde van moorde en brandstigting.
- **Beide** bronne beskryf die dapperheid en solidariteit van aktiviste wat dreigemente tydens kieserregistrasie in die gesig staar
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]

- Die teken beklemtoon dat stemreg noodsaaklik is vir ware vryheid en gelykheid.
- Politieke deelname is die sleutel tot die beëindiging van onderdrukking en diskriminasie
- Die oortuiging dat Afro-Amerikaners sonder die stemreg magteloos bly om hul toekoms te vorm
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]

- Afro-Amerikaners is stemreg ontsê deur diskriminerede wette en praktyke.
- Hulle het intimidasie en teenkanting van owerhede en segmente van die samelewing verduur toe hulle gelykheid geëis het. (Polisieman)
- Toon dat daar vir basiese demokratiese regte geveg moes word deur protes en aktivisme.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende punte in hul antwoord insluit:

- Vryheidsomer het die brutaliteit van Jim Crow–wette blootgelê en die behoefte aan federale ingryping getoon. **(Eie kennis)**
- Noordelike kollegestudente het op Mississippi toegesak om swart gemeenskappe te ondersteun **(Bron 3A).**
- Wit Mississippiane het met geweld gereageer, kerke afgebrand en huise gebombardeer **(Bron 3A).**
- Die Ku Klux Klan het tydens Vryheidsomer nuwe krag gekry **(Bron 3A).**
- Nasionale aandag is op Mississippi gevestig as gevolg van die geweld. **(Bron 3A).**
- President Johnson het die Burgerregtewet onderteken en begin om segregasie af te skaf **(Bron 3A).**
- Vrywilligers is in Ohio opgelei om swart kiersers te registreer en geletterheid te onderrig **(Bron 3B).**
- Kieserregistrasie was die hoeksteen van die projek (**Bron 3B**).
- 17 000 swart Mississippiane het probeer registreer, maar slegs 1 600 is aanvaar **(Bron 3B).**
- Vryheidskole is gestig om onderwys en swart geskiedenis te verskaf **(Bron 3B).**
- Martin Luther King Jnr. het Mississippi besoek om swart burgers aan te moedig om te stem ten spyte van intimidasie **(Bron 3B).**
- Aktiviste het in katoenlande en swart woonbuurte veldtogte gevoer om kiesers te registreer **(Bron 3C**).
- Hulle het by plaaslike gesinne gewoon en Vryheidskole gebou **(Bron 3C).**
- Wit leiers het die projek as ’n “inval” gesien en dit teengestaan **(Bron 3C).**
- Vrywilligers het voortdurende dreigemente, aanrandings en skietery in die gesig gestaar **(Bron 3C).**
- Ten spyte van geweld het die veldtog nasionale aandag en steun van professionele persone en geestelike getrek **(Bron 3C).**
- Die protesteken “Die stem sal ons vry maak” het die eis vir stemreg beklemtoon **(Bron 3D).**
- Die teenwoordigheid van die polisie toon die staat se poging om betogers te beheer of te intimideer **(Bron 3D).**
- Die beeld het nasionale media-aandag getrek en bewustheid van kierseronderdrukking versprei **(Bron 3D).**
- Dit het momentum geskep vir die Wet op Stemreg van 1965, wat geletterheidstoetse, stembelasting en ander diskriminerende praktyke onwettig gemaak het. **(Eie kennis)**
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Kan nie bewyse onttrek nie, of bewyse op 'n baie elementere wyse uit die bronne onnttrek, bv. **toon geen of min begrip van hoe Vryheidsomer rassediskriminasie en kieseronderdrukking in die Suidelike Verenigde State in 1964 uitgedaag het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer of kan ie oor die onderwerp rapporteer nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip van hoe Vryheidsomer rassediskriminasie en kieseronderdrukking in die Suidelike Verenigde State in 1964 uitgedaag het** • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer insig in hoe Vryheidsomer rassediskriminasie en kieseronderdrukking in die Suidelike Verenigde State in 1964 uitgedaag het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**PUNTE 6–8**

[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4

DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. Deur met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe guerrilla-oorlogvoering en populêre steun vir die Viëtkong 'n sleutelrol gespeel het in die vorming van die uitkoms van die Viëtnamoorlog tussen 1962 en 1975. Indien die kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat guerrilla-oorlogvoering en populêre steun vir die Viëtkong 'n sleutelrol gespeel het in die vorming van die uitkoms van die Viëtnamoorlog tussen 1962 en 1975 nie. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

UITBREIDING:

Fokus op die militere taktieke gebruik deur beide die VSA en die Viëtkong:

- Toestande onmiddellik voor die oorlog:
- Die verdeling van Viëtnam en die vorming van die Viëtkong
- Redes vir VSA-betrokkenheid: inperking en dominoe-teorie.
- VSA se eerste ingryping in Suid-Viëtnam (1957 – 1963) – het wapens en militêre adviseurs teen die Vietkong gestuur – passiewe betrokkenheid {Beklemtoon VSA se vroeë rol}
- Ho Chi Minh-roete is deur die Viëtminh (kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam) gebruik om die Viëtkong te ondersteun – het wapens voorsien – het VSA-taktieke laat misluk {toon die doeltreffenheid van guerrilla-oorlogvoering en gewilde ondersteuningsnetwerke}
- VSA het 'Veilige Dorp–beleid/Hamlet-strategie/Dorpvorming ingestel – probeer om guerrillas van dorpenaars te isoleer/skei (1963)/Veilige dorpbeleid het misluk omdat die Viëtkong binne dorpe geopereer het {Demonstreer Viëtkong se gewilde steun en VSA se mislukte taktiek}
- Die Golf van Tonkin-insident en -oplossing (1964)/Die VSA het gevoel die oorlog was nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog nie.
- VSA het 3 500 mariniers op 8 Maart 1965 en grondtroepe na Viëtnam gestuur/konvensionele militêre strategie is verwar deur guerrilla-taktieke
- Operasie Ranch Hand (1962–1971): gebruik van chemiese ontblaarmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak {VSA – taktieke wat daarop gemik was om die guerrilla-ondersteuningsbasis te ondermyn}
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en is deur baie veroordeel {toon hoe die VSA-taktieke die steun vir die Viëtkong verhoog het}
- President Johnson het Operation Rolling Thunder in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong so vinnig as moontlik uit te skakel {VSA se afhanklikheid van konvensionele bombardement teenoor guerrilla-veerkragtigheid}

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van dorpenaars – boere/kleinboere – te skei) {guerrilla-taktieke en gewilde steun}
- Viëtkong het gereageer met die Tet-offensief (1968) – verrassingsaanvalle op 100 stede
- Aantal VSA-soldate wat dood is, het toegeneem – het gelei to anti-oorlog demonstrasie {Toon die impak van guerrilla-taktieke op die VSA se moraal en openbare mening}
- Hoogs effektiewe gebruik van guerrilla-taktieke deur die Viëtkong
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur
- VSA het Soek-en-Vernietig–missies (My Lai–slagting) gebruik om dorpe wat deur die Viëtkong ondersteun is, te vernietig {Toon die VSA se gruweldade wat hul saak ondermyn en Viëtkong se steun versterk}
- Dit het gelei tot groot getalle burgerlike sterftes – wat meer steun vir die Viëtkong vereis het {gewilde steun versterk deur VSA se mislukkings}
- VSA se grwueldade en die My Lai–slagting (maart 1968) het die openbare mening teen die oorlog gedraai {VSA verloor legitimiteit}
- Noord-Viëtnam het militere steun van die USSR en Sjina ontvang, sodat die Viëtminh en Viëtkong toegang gehad tot sommige moderne wapens {Eksterne faktore wat Vietkong se guerrilla–oorlogvoering versterk}
- Guerilla-oorlogvoering is effektief deur die Vietkong gebruik, ondersteun deur Vietminh vanuit die noorde en het taktieke soos valstrikke, ondergrondse tonnels, tref-en-trap, sabotasie gebruik. {Bewyse van guerrilla–oorlogvoering se sukses}
- Die Viëtkong het sy ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die VSA–soldate gebruik is {Toon gewilde steun}
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land {Nasionale eenheid en populêre steun}
- Viëtnamisering: President Nixon het die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam bedink. Ook genoem WHAM (Winning the Hearts and Minds) van die Viëtnamese, het die mislukking van die VSA aangedui om Viëtnam te keer om ’n kommunistiese staat te word en die daaropvolgende onttrekking daarvan {Toon die VSA se erkenning van die mislukking teen guerrilla–oorlogvoering en populere steun}
- VSA het alle troepe teen 1973 onttrek en President Nixon het die Paryse Vredesooreenkomste op 27 Januarie 1973 onderteken – wat die VSA se betrokkenheid by die Viëtnamoorlog beëindig het {Uitkoms gekoppel aan guerrilla–oorlogvoering en die VSA se mislukking}
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon geneem.
- Viëtnam was verenig onder kommunistiese beheer/VSA se militêre taktiek het nie daarin geslaag om die Viëtkong te verslaan nie
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking afsluit. **[50]**

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek of die probleem wat die Kongo na onafhanklikheid ervaar het, hoofsaaklik die gevolg was van interne faktore eerder as eksterne inmenging. Kandidate moet oorweeg of hierdie uitdagings hoofsaaklik te wyte was aan interne faktore soos swak politieke leierskap, etniese verdeeldheid, gebrek aan administratiewe ervaring en magstryde, of eksterne inmenging 'n groter rol gespeel het. Hulle moet die ekonomiese, sosiale en politieke faktore oorweeg wat bygedra het tot die uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het. Die bespreking sal beide perspektiewe weergee en aantoon hoe interne onstabilitiet en eksterne manipulasie met mekaar verbind.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem deur aan te dui dat die probleem wat die Kongo onafhanklikheid ervaar het, hoofsaaklik die gevolg was van interne faktore eerder as eksterne inmenging. Hulle moet in ag neem wat bygedra het tot die uitdagings wat die Kongo in die gesig staar. Hulle moet aandui hoe hulle beplan om hul argument te ondersteun

UITBREIDING

Politieke Beleide

- Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister. Joseph Kasavubu het verkies dat Kongo 'n federale staat moet wees, terwyl Lumumba vir 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering gepleit het /Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe {Toon interne verdeeldheid en swak leierskap, wat tot onstabiliteit bydra.}
- Kongo het met baie politike onstabiliteit begin – met Tshombe gefokus op die afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikeheid {Beklemtoon interne etniese en streeksverdeling}
- Mobutu het die mag van Kasavubu oorgeneem deur 'n staatsgreep in 1965 {Illustreer interne magstryd}
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit te bring (positiewe verandering) {Toon pogings tot interne konsolidasie}
- Mobutu het outoritasie toegepas om politiese stabiliteit te bereik {demonstreer hoe interne oplossings langtermyn probleme geskep het}
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga-rebellie te stop (positiewe verandering) {Interne faktore: onderdrukking van afskeiding}
- Het sy land 'n nuwe grondwet gegee as 'n eenpartystaat onder sy party, die Populêre Beweging vir die Rewolusie (MPR) {Interne konsolidasie van mag}
- Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk {Interne outoritasisme}
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel/Mobutuïsme het Kongo 'n outokratiese staat onder homself as militêre diktator gemaak {Interne outoritêre leierskap}

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Hy is deur die VSA ondersteun omdat hy as 'n anti-kommunistiese bondgenoot gesien is (negatiewe en positiewe verandering) {Toon eksterne Koue Oorlog- inmenging wat interne outoritarisme versterk}
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van regeringinkomste beheer. {Interne konsolidasie van mag}
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie ingestel, 'n beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee, vervang het met die ongeskoolde plaaslike inwoners – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle gelei het {Interne wanbestuur, gekoppel aan eksterne koloniale nalatenskap}
- Hy het nepotisme (kleptokrasie) toegelaat {Interne korrupsie}
- Mobutu het 'lewenslank' as president gebly tot sy dood in 2007 {Interne outoritêre kontinuïteit}

Ekonomiese Beleide

- Nasionalisering: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit die kopermynbedryf gebruik om sy 10 jaar industraliseringsplan te finansier (positiewe verandering) {interne poging tot ekonomiese onafhanklikheid}
- Buitelandse maatskappye genasionaliseer sonder vergoeding {Interne beleid, maar verhoudings met eksterne beleggers vererger}
- Buitelandse maatskappye onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas (negatiewe verandering) {Interne nepotisme en korrupsie}
- Zaïrenasie ingestel (vervanging van buitelanders met Zaïrese burgers) {interne wanbestuur, gekoppel aan eksterne koloniale strukture}
- Zaïrenasie het tot korrupsie gelei, diefstal en wanbestuur {Interne wanadministrasie}
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitism wat 'n groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep het {Interne korrupsie en ongelykhede}
- Swak ekonomiese beleide het tot 'n agteruitgang in die toestand van infrastruktuur soos paaie en ander infrastruktuur gelei (swak ekonomiese bestuur) {Interne wanbestuur}
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep – waar 'n groep aangestelde openbare amptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het {Interne korrupsie}
- Mobutu is gedwing om Retrosesssie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel (oneffektiwiteit van Zaïrenasie as ekonomiese beleid) {Toon eksterne ekonomiese afhanklikheid na mislukte interne beleide}
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer {Eksterne faktor: gebrek aan vertroue in Kongo se regering}
- Styging in die olieprys het landbou geaffekteer {Eksterne globale ekonomiese faktor}
- Kongo se ekonomie het ineengestrort {Gevolg van beide interne wanbestuur en eksterne skokke}
- Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en belegging, bv. van die Wêreldbank {Eksterne inmenging verdiep Kongo se afhanklikheid}

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

Sosiale Beleide

- Met onafhanklikheid het Kongo 14 universiteitgegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad {interne swakheid: gebrek aan bekwame leierskap}
- Het beleid van Authenticité geimplemnteer (oorspronklik om inheemse gebruike en oortuigings te bevorder) om koloniale invloed uit te wis en Zaïriërs te verenig met ’n gevoel van trots vir eie kultuur. Ook verwys na Afrikanersering {Interne kulturele beleid gemik op dekolonisasie}
- Het Christelike name met Afrika-name vervang bv. Die Kongo is in 1971 herdoop na Zaïre; Leopoldville het Kinshasa geword, Elisabethville het Lubumbashi geword, en Stanleyville het Kisangani geword; Mobutu het ook sy naam verander {Interne kultureele trots, gekoppel aan eksterne koloniale nalatenskap}
- Kleredrag: die dra van Westerse pakke is onwettig gemaak (deur dekreet) en vervang met ‘abacos’ {Interne kulturele bewering}
- Het plaaslike musiek bevorder (Interne kulturele trots}
- Mobutu het demokrasie as ’n vreemde ideologie vir Afrika beskou – hy het as hoofman in ’n tradisionele Afrika-styl regeer en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk (negatiewe verandering) {Interne outoritarisme geregverdig teen eksterne invloed}
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het die stedelike elite steeds bevorder {Eksterne koloniale nalatenskap het voortgeduur}
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings gestyg na 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 (Positiewe verandering)/ Toe staatsbefondsing deur Mobutu onttrek is, moes ouers begin betaal en primêre onderwys het begin afneem {Interne wanbestuur van onderwys}
- Onderwysers en hospitaalpersoneel het maande lank onbetaald gelaat weens swak ekonomiese en politieke praktyke {Interne bestuursmislukking}
- Armoede het toegeneem as gevolg van voedselinflasie {Interne wanbestuur, vererger deur eksterne ekonomiese skokke}
- Enige ander relevante antwoord.

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmag – filosofie effektief was om die ongelykheid aan te spreek waarmee Afro – Amerikaners in die Verenigde State teen die 1960's en 1970's te kampe gehad het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie effektief was om ongelykheid aan te spreek waarmee Afro-Amerikaners in die Verenigde State teen die 1960's en 1970's te kampe gehad het. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal staaf.

UITBREIDING

- Afro-Amerikaners steeds ekonomiese en polities verlam in die VSA as gevolg van diskriminerede (Jim Crow) wette {toon ongelykheidskonteks wat Swartmag wou aanspreek}
- Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Het in ghetto's en krotbuurte gewoon/swak behuising/ondervoorsiene fasiliteite) {Beklemtoon sosiale ongelykheid wat Swartmag se klem op trots en bemagtiging motiveer}
- Afro-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige tempo van verandering
- en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's. {Verduidelik waarom Swart Mag as 'n alternatief vir geweldlose burgerregtestrategieë na vore gekom het}
- Afro-Amerikaners onderwerp aan polisiebrutaliteit – het tot die groei van nasionalitiese gevoelens gelei {Skakel direk na Swartmag se militante selfverdedigingsfilosofie}

Swartmag filosofie en Leiers

- Die Swartmagbeweging het die Swartmag filosofie bepleit wat die gees van selfvertroue, selfstandigheid, swart trots, beheer oor die politiek in hul eie gemeenskappe (bepleit deur Stokely Carmichael); Afro-Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm; swartes om vryheid van wit gesag te soek; bevordering van Afro–haarstyl en Afrika–klere en het die slagspreuk "Swart is Mooi" (Black is Beautiful) geskep {Toon effektiwitiet in die bou van identiteit, trots en selfstandigheid}
- Malcom X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder {Beklemtoon militante benadering – effektief in bemagting, maar kontroversieel}
- Hy het aangevoer dat bloedvergieting nodig was vir revolusie en hy het selfrespek en selfdissipline bepleit {Bemagting teenoor geweld}
- Hy het die konsep "Swart Trots" (selfbeeld/selfrespek/selfhelp) bevorder {Direk effektief in die aanspreek van sielkundige ongelykheid}
- Het Afro–Amerikaners aangemoedig om teen wit Amerikaanse owerhede op te staan in die nastrewing van Vryheid, geregtighedi en gelykheid met alle moontlike middele {toon bemagting, maar ook militantheid)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

- Het die gebruik van geweld as 'n middel tot selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aangeval het, ondersteun {Beklemtoon meer geweldadige metodes}
- Stokely Carmichael het geglo dat die nie–geweldadige strategie misluk het as gevolg van voortdurende geweld teen Afro–Amerikaners {Verduidelik die verskuiwing van die Burgerregtebeweging na Swartmag}
- Het die uitsluiting van wit 'liberale' as 'n filosofie bepleit vir Afro–Amerikaners {toon eksklusiewiteit – beperkte breër steun}
- Hy het een plan bevorder om die VSA in aparte swart en wit te verdeel {Ekstreme standpunt – minder effektief in praktiese terme}
- Hy was gekant teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam – oorlog {Toon breër politike aktivisme bo en behalwe rasse–ongelykheid}

Impak van Swartmag

- Die mees voor die handliggende vorme van rassedriskriminasie het geëindig {Bewyse van doetreffendheid}
- Rasegeweld en -spanning het afgeneem {toon positiewe sosiale impak}
- Afro–Amerikaners was verkies tot openbare ampte {Politieke bemagting}
- Behuising en fasiliteite van Afro–Amerikaners het verbeter {Sosiale opheffing}
- Swart geletterheid en afhanklikheid van staatstoelae was beperk {Toon bemagting deur selfstandigheid}
- Regstellende aksiebeleid vir federale indiensneming is ingestel

Black Panther Party (BPP)

- 1966 Bobby Searle en Huey Newton het die Black Panther Party (BPP) vir Selfverdediging gestig – teen polisiebrutaliteit {Toon militante reaksie op ongelykheid}
- Het 'n Tienpuntplan aangeneem om sy sosiale, politike en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die Afro-Amerikaners gemeenskap/swart bemagtiging te dek {Bewyse van doeltreffenddheid in die aanspreek van ongelykheid}
- Die BPP het voedingskemas, kinderversorging en geletterheidsprojekte in swart gemeenskappe bedryf – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter. (Swart bemagtiging) {Toon praktiese doeltreffendheid in sosiale opheffing}
- BPP-geletterheidprojekte het ongeletterheid onder die Afro – Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei {het ongelykheid in onderwys direk aangespreek}
- BPP-kindersorgprojekte het voorsien in die mediese behoeftes van Afro – Amerikaners in swart gemeenskappe (Swart bemagting)
- BPP-lede het die strate gepatrolleer om polisie – aktiwiteite te monitor (poliseer die polisie) en hulself te verdedig teen polisiebrutalitiet {Toon militante selfverdedigng teen ongelykheid}
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig moet word. {Bevorder kulturele trots en identiteit}
- Enige ander relevante antwoord.

Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za